DIE EWIGE SWERWER

Ná 15 jaar van voetslaan oor die ganse Suid-Afrika het **Freddie Leibach** nou 'n nuwe uitdaging: Om weer iewers nes te skop.

TEKS EN FOTO'S **IAN MCNAUGHT DAVIS**

Jy het al waarskynlik vir Freddie Leibach iewers in jou lewe gesien – jy weet dit net nie. As jy genoeg tyd op Suid-Afrika se agterpaaie deurbring, het jy dalk al by hom verbygery: 'n Man wat langs die pad stap, gebukkend onder die gewig van 'n bultende rugsak. Vir 'n paar sekondes het sy beeld jou vasgevang, sy helderblou oë onder 'n laphoed.

Dalk het jy selfs al met Freddie 'n geselsie aangeknoop, soos ek eenkeer buite Barrydale toe ek hom op 'n somermiddag 'n louwarm Coke aangebied het. En miskien het jy – soos ek – te gou afleidings gemaak: Die verwaarloosde baard, die sonverbrande gesig... die man was seker net op pad na die volgende dorp waar hy by 'n verkeerslig om aalmoese kan smeek.

"Ek is 'n stapper," was Freddie se eerste woorde aan my nog voordat hy gesê het wie hy is. Ons het 'n paar oomblikke gesels. Hy het vaagweg beduie in watter koers hy op pad was en toe het ons gegroet. Toe ek ry, kon ek hom, sy rugsak en sy stapstewels nog 'n tydjie lank in my truspieël sien totdat ek om 'n draai in die pad agter 'n koppie verdwyn het.

Sewe maande later ontmoet ons weer – dié keer by The Station op Calitzdorp, 'n ou spoorwegstasie wat in 'n lodge en kampplek omskep is. Hierdie keer is ek ook 'n swerwer – darem met 'n fiets! – en net daar besef ek Freddie is nie die armsalige swerwer vir wie ek hom aanvanklik aangesien het nie. Nee, in die ouderdom van 69 is hy 'n veelberese voetganger wat die ganse land die laaste 15 jaar verken het.

Freddie se storie begin waar die meeste gewoonlik eindig: Met 'n koeël. In 1999 het Freddie 'n kaping oorleef, vroeg afgetree, sy aardse besittings verkoop, 'n rugsak gepak en straataf gestap. Die litteken oor sy voorkop is die stom getuie van wat presies daardie dag gebeur het toe die kaper se opslagkoeël hom rakelings gemis het. "Dit was eintlik die beste ding wat met my kon gebeur het," is Freddie se nugter siening.

Teen 2008 het hy reeds 100 000 km teer- en grondpad geklok. Daarna het hy nie meer die kilometers getel nie en vandag is daar net 'n paar paaie oor wat Freddie nog nie gevat het nie (hoofsaaklik in die Kalahari, waar 'n daaglikse rantsoen water groter is as die hoeveelheid wat hy kan saamdra).

Neem hy ooit "vakansie"? Ja, een maal 'n jaar, wanneer die lentekleure die landskap begin tooi, stap hy Despatch toe om vir 'n paar weke oor Kersfees by sy dogter te bly. Maar rondom Nuwejaar kry hy altyd weer koers.

Freddie spaar mooi. Al geld tot sy beskikking is die pensioen van sy vroeë aftrede en die opbrengs van die verkope van sy aardse besittings. Hy leef op pasta, sojamaalvleis en mense se gasvryheid – in ruil daarvoor vertel hy sy boeiende verhale.

Dié aand bied Freddie my 'n koppie swart Ricoffy in die gemeenskaplike kombuis by The Station aan, en ek sit en luister tot 2 vm. na sy stories. Sy ingetoë houding verander namate hy sy reise die een na die ander herroep. Sy hande trek roetes na op 'n denkbeeldige kaart, die palms krink om haarnaalddraaie en oor agterpaadjies, vingerpunte skarrel uit teen plato's...

Hy vertel my van eienaardige rooi klippe wat hy op Verneukpan opgetel het, van grafte uit die Anglo-Boereoorlog buite Richmond en 'n knewel van 'n kurper in 'n dam naby Graaff-Reinet. In 'n natuurreservaat by Graskop is daar glo grotte waarin hy vir 'n hele paar maande gewoon het. "Die plante wat ek daar onder in die tonnels aangetref het... jy sal dit nie glo nie."

Freddie volg nie werklik 'n vaste roete nie, daarom is sy dae onvoorspelbaar en dikwels meer 'n geval van oorlewing as besienswaardighede besoek. Hy onthou die keer toe hy 'n fratsvloed op Middelburg moes deurstaan; op 'n ander keer het hy van aangesig tot aangesig met 'n luiperd gekom. "Ek sal slegs duimgooi as my lewe daarvan afhang," sê Freddie. Die laaste keer wat hy 'n saamrygeleentheid gevra het, was toe 'n pofadder hom gebyt het.

Hy's amper blind in sy een oog. "Ek het net 15% sig met hom. Die dokters wou dit al met 'n glasoog vervang het, maar ek't gesê: 'Los! Daar's nog so baie plekke wat ek wil sien!'"

Freddie is al geruime tyd hier by The Station. Nadat ons mekaar sewe maande vantevore buite Barrydale ontmoet het, het hy met die R62 aanhou noordoos stap totdat 'n woeste storm hom gedwing het om in die Rooiberg (naby Vanwyksdorp) skuiling te soek. Daarna het hy dit uiteindelik tot hier op Calitzdorp gemaak. >



RUGSAKMAN. Vir die laaste 15 jaar het Freddie Leibach met net 'n rugsak ons land se paaie aangepak.

"Hy' t vreeslik gelyk," onthou Cheryl de Villiers, mede-eienaar van die lodge. "Hy wou die volgende dag al weer verder, maar ek' t gesê hy kan hier bly totdat hy beter voel."

Maar dié swerwer kon net 'n paar dae stilsit. Freddie ken nie van ledig wees nie, en dit was nie lank nie toe het hy begin ligte herbedraad, kragproppe installeer, watertenks lig... Hy' t geskuur en geskaaf en geboor en gebeitel en onderlangs gebrom oor die pieperige gereedskap en afskeepwerk van die vorige vakman. Dis nou al vyf maande later – die langste wat Freddie in 15 jaar op een plek gebly het. En Mike Archer, die ander eienaar van The Station, is in sy noppies. "Ons wil nie hê hy moet weggaan nie!"

Voor sy bedanking in 1999 het Freddie vir Telkom gewerk, en hy praat oor sy loopbaan daar met dieselfde nostalgie as oor die woude van Mpumalanga of die ontdekking van 'n versteekte warmwaterbron naby Barandas buite Uniondale. Wat is sy gunstelingherinnering aan sy dae as 'n Telkom-man? Om met 'n Ford F-250s van die regering te kon rondry op soek na visvangplekke. "Jis, jy kon in daai tyd énige plek inkom met 'n Telkom-ID!" Freddie vat 'n lang trek aan sy Camel-sigaret. "Maar toe selfone inkom, was dit ook iets van die verlede..."

Ek vra hom hoe lank hy nog op Calitzdorp gaan bly. "Ek sal een van die dae weer in die pad val, dis nie lekker om so stil te sit nie. Volgende Maandag."

Sy volgende bestemming is waarskynlik Oudtshoorn. "Hulle koöperasie is die enigste plek waar ek denimkortbroeke kry," verduidelik hy. "Ek wil nog vir sowat 'n jaar stap – totdat ek 70 is. En dan gaan ek vir my 'n ryhuis en 'n hond en 'n kat kry."

Maar Freddie erken: Dit vat aan hom om hierdie plek en sy mense te moet groet. In sy tyd op Calitzdorp het hy die dominee se huis opgepas, soveel projekkies aangepak wat moes klaar kom, en verknog geraak aan Cheryl se hond.

"Weet jy, Freddie het die loon wat die dominee hom betaal het, net so vir die ouetehuis gegee," vertel Mike my stilweg. "Maar hy sal dit nooit vir enigiemand vertel nie, ek het dit maar so deur die Calitzdorp-riemtelegram verneem."

Maandag breek aan. Maar dit was toe nie die "volgende Maandag" soos Freddie my vertel het nie. Nee, ses weke nadat ek uit Calitzdorp weg is, ontmoet ek mense wat vir Freddie gesien het die dag voordat hy glo weer sou begin stap – waarskynlik in die rigting van Despatch om betyds te wees vir Kersfees, maar eers oor Oudtshoorn vir 'n paar denimkortbroeke. Hulle vertel my Freddie het sy hare geknip en sy baard afgeskeer; 'n ánder Freddie.

Dis op 'n manier vertroostend dat Freddie – wat nog op die oudste manier reis, sonder 'n GPS of iPad en met net 'n knipmes – een van die handjie vol mense is wat werklik die strome van die lewe in Suid-Afrika ken. En dat hy nog vir 'n tyd lank in mense se truspieëltjies sal dobber, dié stil toeskouer van die kom en gaan van ons land se dinge.

Ek onthou een van ons gesprekke op 'n ou spoorwegplatform by Calitzdorp, waarvandaan kratte port in die ou dae landwyd vervoer is. Freddie het my dié dag vertel dat hy dit oorweeg om 'n selfoon te koop – die einste ding wat sy bedryf geknou het. "Maar net sodat ek na die draadloos kan luister terwyl ek stap."

** Ian het Freddie vroeg in Oktober laasjaar raakgeloop. Laat weet ons as jy hom iewers op die langpad teëkom.*